Boer met varke



Oorsprong

Die varke waarmee ons boer, stam van die wildevark (*Sus scrofa*) af.

Rasse

- Die bekendste inheemse ras is die Kolbroek wat blykbaar vanaf Europa na Suid-Afrika gekom het.
- 'n Ander inheemse ras, die Windsnyer, kom meer in die noordelike dele van die land voor.
- Algemene moderne suiwer rasse sluit die Groot Wit en Landras in.
- Die Duroc word gewoonlik in kruisings as die vaderlyn gebruik. In sommige gevalle word die Hampshire ook as vaderlyn gebruik.
- Moederlyne by kommersiële kuddes is gewoonlik kruisings tussen die Groot Wit en Landras.

Reproduksie

Die sog is ongeveer 116 dae (3 maande, 3 weke en 3 dae) dragtig. Gewoonlik word 8 tot 10 varkies gebore. Die kleintjies word op 35 dae gespeen (by moderne boerderye op selfs 21 dae).

Die sog kom 4 tot 6 dae na speen op hitte en moet dan minstens twee keer oor 'n 12 tot 24-uur-periode deur 'n beer gedek word vir doeltreffende reproduksie. As die sog dan nie bevrug is nie, moet sy 21 dae later weer gedek word. Bronstigheid by die sog word bevorder as daar kontak met die beer is. Jong sôe word die eerste keer op ongeveer 7 tot 8 maande (± 100 kg en by die tweede estrussiklus) gedek. Bere word ook vir die eerste keer op hierdie ouderdom gebruik. Vir elke 12 sôe word een beer gebruik. Dit is belangrik dat die beer vrugbaar en dekvaardig moet wees.

Voeding

Voedingsbehoeftes wissel na gelang van die lewensfase van die vark. Die tabel toon die hoeveelheid en kwaliteit voer wat aan die vark voorsien moet word tydens verskillende fases.



Die vark is 'n omnivoor. Die dieet kan grane (bv. mielies, koring, gars, korog), asook ander proteïene soos vismeel, beenmeel, melkprodukte, lupiene, bone en erte, insluit. Diëte wat in kommersiële eenhede gebruik

Stadium	Varke voor speen	Speenvark	Groeivarke	Afrondvarke	Droë sôe en bere	Lakterende sôe
Ouderdom (dae)	0–35	35–56	56–110	110–160	285 dae/jaar	80 dae/jaar
Massa (kg)	1,5–9	9–20	20–50	50–90	140–200	140–200
Inname (g/dag)	50–250	Ongeveer 800	Ongeveer 1 900	Ongeveer 3 000	Ongeveer 4 kg/ sog/dag vanaf speen tot dekking. Algemeen 2 kg/ sog/dag vir die dragtigheids-periode	2 kg plus 0,4 kg/ varkie tot 8 kg/ dag
Proteïen-inhoud (%)	21	18	16	15	13–14	16



word en goeie resultate lewer, sluit byvoorbeeld in grane, semels en proteïene soos vismeel en sojaboonoliekoek. Vir doeltreffende produksie moet die vark 'n gebalanseerde dieet met genoeg energie en proteïen ontvang. Voldoende skoon drinkwater moet altyd beskikbaar wees. Veral lakterende sôe het baie water nodig.



Produktiwiteit

Elke sog kan onder normale omstandighede gemiddeld 2,2 werpsels per jaar grootmaak. Dit verteenwoordig ongeveer 20 varkies per sog per jaar. Indien al die kleintjies tot 'n massa van 90 kg grootgemaak word, kan een sog dus 1 800 kg lewende massa of 1 400 kg vleis per jaar lewer. Hierteenoor is die voerinname per sog ongeveer 1,2 t per jaar en kan elke vark tot 270 kg voer vreet om 'n massa van 90 kg te bereik.

Seleksie

- Teelsoggies word uitgesoek op 5 tot 6-maande-ouderdom of 100 kg lewende massa.
- Elke sog moet ses gesonde, goed geplaaste spene aan elke kant hê.
- Die bene moet reguit wees.
- 'n Lang lyf en goeie pote is belangrik.
- 'n Kwart van die sôe en die helfte van die bere in die kudde behoort elke jaar vervang te word.
- 'n Sog word gewoonlik verkoop nadat sy 6 tot 8 werpsels gelewer het.
- Indien produksie onbevredigend is, word die sog gewoonlik vroeër uitgeskot.

Algemene versorging

- Vyftig persent van alle vrektes by varke kom voor speen voor, veral gedurende die eerste twee dae na geboorte.
- Dit is belangrik dat die jonghok so ontwerp moet wees dat die sog nie bo-op die kleintjies kan lê nie. Die jonghok moet deeglik ontsmet word voordat die sog daarin geplaas word (een week voor jonging).



- Spesiale aandag moet dan aan die kleintjies geskenk word.
  - Die tandjies se punte moet op ongeveer 3 dae geknip word.
  - Ysterinspuitings kan ook op hierdie stadium gegee word (wanneer sôe binnenshuis jong).
  - Diarree is een van die grootste oorsake van produksieverliese by klein varkies. Voorkom dit deur te sorg dat jonghokke altyd skoon en ontsmet is en van strooi voorsien is. By ernstige diarree moet die nodige medikasie gegee word. Die sog moet gedurig vir mastitis en melkprobleme dopgehou word.
- 'n Volledige inentingsprogram moet gevolg word om diere voorkomend te beskerm teen moontlike siektes (bv. skurfte, *E. coli* wat diarree by klein varkies veroorsaak, leptospirose, vleksiekte en parvovirus). Sôe behoort 3 tot 4 weke voor jonging teen inwendige parasiete gedoseer te word.

Kontak Tertius Brand of Johan van der Merwe van die
Afdeling Diereproduksie van die
Departement van Landbou: Wes-Kaap vir meer inligting
of u naaste landbouvoorligtingskantoor
Tel. (021) 808-5225

Saamgestel deur die Nasionale Departement van Landbou in samewerking met die Departement van Landbou: Wes-Kaap

Gedruk en uitgegee in die Republiek van Suid-Afrika deur die Nasionale Departement van Landbou en verkrygbaar by die Inligtingsentrum, Direktoraat Kommunikasie, Privaat Sak X144, Pretoria 0001

1997